# Die Kruin-o-gram

Uitgawe 1 — 06 September 2020

## Efesiërs 1:3-10

Die stad Efese was destyds die hoofstad van - wat vandag bekend staan as Turkye. Die asemrowende tempel vir die godin Diana was daar. Hierdie tempel was een van die 7 wonders van die destydse wêreld. Afgodery was aan die orde van die dag. Binne-in Efese, het die Here 'n gemeentetjie tot stand gebring deur die arbeid van Priscilla & Akwilla, wie Paulus daar aangestel het op sy tweede sendingreis (Handelinge 18: 18-19). Op sy derde sendingreis het Paulus sélf daar bedien vir byna drie jaar (Handelinge 19) en ná hom, het Timoteus die bediening vir 'n paar jaar behartig. Hierdie brief skryf Paulus in ongeveer 60nC vanuit die tronk in Rome om hulle geestelik op te bou met die Apostoliese leer. En dis geestelike vaste kos, nie melkkossies nie. Vir die Korintiërs moes hy sê: "Julle is nog so vleeslik, dat ek julle net melk kan gee." (1 Korintiërs 3:1-2). Maar hier in Efese, te midde van die afgodery, is 'n geestelik-aan-die brand gemeentetjie, vir wie die Apostel op vaste kos kan voed. En dis wat ons in hierdie brief sal aantref: vaste geestelike kos. Opvallend dat die brief netjies in 2 dele verdeel is: Hoofstukke 1-3: Dit wat ons moet weet wat God gedoen en gegee het. Hoofstukke 4-6: Dit wat ons moet doen op grond van wat God gegee het; dit sê: hoe dít wat God doen, ons lewens raak. Dus: Vir die volgende 6 boodskappe, wat oor hoofstukke 1-3 handel, sal jy min hoor oor wat ons as mense moet doen. Alles oor groot dade van God-Drie-enig. Dis altyd wonderlik om te sien hoe ánders die Skrif is as wat ons as mense sou dink of redeneer. Wie van ons sal aan onsself dink as "heiliges"? Wie van ons sou dink dat God, voordat Hy enigiets praat, Hy onmiddellik Sy genade en vrede aan Sy mense kom toesê. Sommer net so! Ons koppe werk net nie só nie. Tog is dit presies wat die Gees deur Paulus kom doen. Wat aangrypend is van ons teksgedeelte is sonder om vooraf navraag te doen oor die toestand van die Efesiërs se geestelike lewe, kom sê Paulus net eenvoudig vir hulle hóé ryk hulle in Christus is! Paulus sê dat ons in Christus geseën is met al die seëninge van die Heilige Gees. Wat hy as't ware sê is: besef jy wat God al klaar in jou geestelike bankrekening inbetaal het? Net die feit dat jy 'n kind van die Here is, beteken dat jy alreeds 'n geestelike banksaldo het.
In vers 3 sien ons die werking van die Drie-Eenheid in aksie. "Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is." Die oomblik wanneer 'n mens 'n kind van die Here word, is jy toebedeel met geestelike seëninge. Niks of niemand kan dit van jou wegneem nie. Jy kan net daarop voortbou. In verse 4-14 sien ons wat is dit presies wat die Here reeds in ons geestelike bankrekening inbetaal het. Wat is die geestelike seëninge wat ons alreeds ontvang het? In verse 4-14 sien ons ook verder hoe aktief is die Drie-Eenheid. Sekere seëninge kom van die Vader, sommige van die Seun, Christus en sommige van die Heilige Gees. Maar wat is die plan waarheen alles werk? Hy gaan alles onder een Hoof verenig: Christus (vers 10). Dán sal Hy almal, wat nou reeds aan Hom behoort, volkome verlos! (vers 14). God werk gefokus. Hy werk volgens 'n voorneme en besluite (vers 9). Hy werk volgens 'n raadsbesluit (vers 11). Geen toevallighede nie!. En daarvolgens het Sy wedergebore kinders 'n rotsvaste toekoms, want hulle sal elkeen daar wees wanneer God alles onder Christus verenig!
Hoe word 'n mens in Christus ingesluit? Die blye boodskap van die feit dat Jesus jou op die kruis verlos het, word aan jou verkondig. Jy hoor dit. En jy kom tot geloof. (vers 14). Dit gebeur nié outomaties nie. Dit is 'n bewustelike bekering. Maar, dít is net die uitvloeisel van die feit dat God al klaar Sy oog op jou gehad het. 'n Mens se bekering is net die uitvloeisel van die feit dat Hy jou voor die skepping reeds gekies het! Die oomblik van jou bekering voel dit vir jou asof alles van jou afhang. Dis jy wat die Boodskap moet aangryp en moet groei, maar later, wanneer jy terugkyk, besef jy dat alles van Hom, God Drie-Enig, afhang. As jy 'n kind van die Here word, ontvang jy outomaties jou pakket en dit lyk so: Jy is nou reeds deel van God se toekomstige eindproduk met die wêreld want sal verenig word onder Een Hoof. Jy staan nie op die los sand van jou toewyding nie, maar op die vaste rots van Sy keuse vir jou. Jou hele verhouding en lewe met Hom is gegrond op Sy vrye genade. Jy is aanvaar alles op grond van Jesus se bloed wat op die kruis gestort was. Die Heilige Gees is 'n werklikheid in jou lewe en Sy teenwoordigheid is die waarborg dat jy 'n ander eienaar het en dat jy eendag die volledige seën sal ontvang. Indien jy enigsins iets van hierdie pakket-van-seën begryp, hoe kan jou lewe dan nog dieselfde bly?

## Liturgie

### Verwelkoming
Gebruik gerus hierdie tyd om jouself geestelik te fokus en te nader tot God.

### Votum & Seëngroet
'n Uitroep oor die karakter en identiteit van die Here wat ons dien.
- Johannes 1:14 -

### Loflied
- Ek wil die Here (LB 208) -

### Skriflesing en Oordenking
- Efesiërs 1:3-10 -

### Wil van die Here (Wet)
- 2 Timoteus 1:9 -

### Skuldbelydenis
- Galasiërs 4:5 -

### Vryspraak (Genadeverkondiging)
- Genade onbeskrylik groot -

### Geloofsbelydenis
- Geloofsgesprek -

### Seën en Amen
Ons word gegroet met 'n seënbede waarop ons antwoord met 'n amen.
- 1 Johannes 5:11-12 -

# Delf dieper

## Ingrypende Genade

**#Bybelvasvra:**

Die boek Efesiërs is vernoem na ‘n spesifieke kolonie in die Romeinse ryk, wat is daardie kolonie se naam?

Hierdie gedeelte in die Kruin-o-gram is spesifiek gemik op die jongmense, die tieners in ons gemeente. Hier daag ons, ons tieners uit om op drie vlakke te groei in hul geloof - 1) vir mekaar, 2) na God, 3) en na mense daar buite. Die doel van *Delf dieper* is dat ouers en tieners saam kan praat oor die Skriflesing aan die hand van die boonste oordenking, sodat die hele gesin tot ‘n nuwe verstaan kan kom van die Bybel. Wanneer die gesin dus weer bymekaar kom, vra die volgende vrae vir mekaar en sien hoe die Gees van God in jou gesin beweeg.

### 1) Na mekaar:

1. Wat weet jy van die Middeleeue?
2. Hoe dink hoe moes mense gevoel het as hulle voor die koning om genade gesmeek het?

### 2) Na God:

1. Lees Efesiërs 1:3-10 (Om jou te help lees die oordenking op die vorige bladsy).
   a. Wat val jou op? Wat in die gedeelte raak jou hart?
   b. Watter vrae maak hierdie gedeelte in jou wakker?
2. Wat beteken genade vir jou?
3. Hoe kry jy genade?

### 3) Na mense:

1. Hoe kan jy genadig wees teenoor ander?
2. Hê geduld die week met die mense wat jou knoppies druk.

# God se genade

## Efesiërs 1:3-10



Gaan lees hierdie week se gedeelte in die Bybel saam met mamma en pappa. Wat is die een woord wat vir jou uitstaan in hierdie gedeelte? Dit is genade. Ons het al baie vir mekaar gesê wat “genade” beteken, maar kom ons kyk weer daarna.

Die rede hoekom ons dit weer vir mekaar moet verduidelik is omdat dit so belangrik is om dit te verstaan, want dit is ‘n baie wonderlike ding wat God aan ons geskenk het.

Die woord "genade" beteken die volgende:

Wanneer iemand genadig is teenoor jou beteken dit dat hulle vir jou iets gee wat jy nie verdien nie.

Lees weer vers 7. Hierdie vers sê vir jou wat die grootste genade is wat God aan jou geskenk het. Dit was natuurlik toe Hy sy enigste Seun gestuur het om vir jou sondes te sterf. Kan jy onthou hoekom?

Kom ons lees Johannes 3:16

*"God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê."*

Hierdie gedeelte sê vir jou presies hoekom. God was (en is) so lief vir die mensdom dat Hy vir Jesus gestuur het, om in ons plek dood te gaan en ons straf te dra vir alles wat ons verkeerd gedoen het, sodat ons vir ewig saam met Hom kan lewe. Hy het vir ons iets gegee (die ewige lewe) wat ons nie eintlik verdien het nie. Dit is die grootste geskenk wat ons almal kon ontvang – God se genade.

Doen die volgende aktiwiteit:




(Uit: *Die groot Bybel vir klein hartjies. Nuwe Testament inkleur-en-aktiwiteitsboek.*)

## Verjaarsdae

| | |
|---|---|
| **Sondag 06 September** | |
| Nuvenca Fourie | 062 009 2009 |
| Bjorn Goosen | |
| Jan Janse van Rensburg | 082 789 2155 |
| | |
| **Maandag 07 September** | |
| Rene Reynolds | 084 734 4508 |
| | |
| **Dinsdag 08 September** | |
| Chantel Vos | |
| | |
| **Woensdag 09 September** | |
| Monica Jooste | 011 053 9008 |
| Ansie Potgieter | 012 804 7607 |
| | |
| **Vrydag 11 September** | |
| Paul Steyn | 082 766 4300 |
| | |
| **Saterdag 12 September** | |
| Ingrid Nel | 012 734 4667 |
| | |

**Beste wense vir 'n gelukkige Nuwe lewensjaar !!**

**Webtuiste:**
**silvertonkruins.co.za**

**Facebook:**
**@Silvertonkruin**

**Instagram:**
**@Kruinjeug_ng**

**Youtube:**
**www.youtube.com/c/Silvertonkruin**

**Kerkkantoor:**

**Telefoon: 012 804 3577**
**Faks: 086 545 7151**
**e-posadres:**

**admin@silvertonkruins.co.za**

**Kerkkantoor ure:**
**Maandae - Vrydae 09:00 - 13:00**

## Gebedslys

**KANKER**
Charles Du Plessis - Neeltjie Barnard - Maxie Laubscher
Johnny Redelinghuys - Koos Barkhuizen

**GESONDHEID**
Tienie Wessels - Johan Venter (Familie van Ma Max) - Deon de Bruyn

**OPERASIES**
Seun Green

**AFSTERWE**
Thelma Swart se broer
Manie Visser se broer en suster

**SWANGERSKAPPE**
Beyers en Liezel Slabbert - Talita en Francois Moller
**GEBOORTES**
Lize en Alexis Kok - Mienke Kok (20/08/20)

**ONS BID OOK VIR DIE**
ekonomie
Matrieks wat met hul Rekord eksamen begin




## Hoe om Zapper te gebruik

1. Scan die QR-kode
2. Sit in bedrag
3. Kliek op betaal

Let wel dit werk met jou persoonlike bank (FNB, ABSA, Nedbank ens.) se toepassing ook.

**Bankbesonderhede:**
N.G. Silvertonkruin
ABSA - 632005
Tjek rekening: 70580888

zapper™